DEPARTEMENT EKONOMIESE EN MENSLIKE ONTWIKKELING

GIDS VIR DIE VERBETERING VAN JOU SAKEONDERNEMING

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

ONS DEPARTEMENT SE DOELWITTE

Die Departement Ekonomiese en Menslike Ontwikkeling ontwikkel geskikte beleid, verskaf inligting, ontwikkel programme en projekte en verwys mense na nuttige steunorganisasies ten einde kleinsake te ontwikkel, ons ekonomie te laat groei en werk te skep. Ons werk met of deur bestaande diensverskaffers om in voorkeurbesigheidsbehoeftes te voorsien. Ons finansier nie privaat ondernemings direk nie.

SAKESTEUN- EN ADVIESPROGRAMME

Sake-advies kan verkry word deur die volgende vennootorganisasies:

- Red Doors en Business Places – die toegewese agente vir die Stad se bewysprogram vir sakeontwikkelingsteun (Business Support Voucher Programme) wat deur Casidra geadministreer word. Hierdie program is 'n inisiatief om potensiële en bestaande entrepreneurs ouer as 35 jaar te ontwikkel deur bewyse met die hulp van bestaande agentskappe uit te reik, bv. Red Doors, Business Places of enige soortgelyke inisiatief wat deur die Stad Kaapstad goedgekeur is. Besoek www.capegateway.gov.za of skakel (021) 483-9030 vir besonderhede oor jou naaste Red Door en inligting oor die Stad se bewysprogram vir sakesteun.
- The Business Place – instap-, gebruikersvriendelike sakeadvies- en verwysingsentrums geleë in die stadskern en Philippi. Besoek www..thebusinessplace.co.za of skakel (021) 425-7816 (Kaapstad) of (021) 371-3350 (Philippi) vir meer inligting.
- Biblioteek-sakehoekies, in verskeie biblioteke in en om Kaapstad, verskaf inligting oor beskikbare steun en beantwoord algemene vrae. Skakel (021) 421-0049 of e-pos gaillbc@iafrica.com vir besonderhede oor jou naaste biblioteek-sakehoekie.
  Die ontwikkelingsagentskap vir kleinsake, SEDA, se webblad verskaf 'n magdom inligting oor hoe om jou besigheid te begin en te bestuur. Besoek www.seda.org.za of skakel Kaapstad-takkantoor (021) 949 2227 vir meer inligting.

SAKESTEUN VIR SPESIFIEKE SEKTORE

Bootbedryf

Die Kaapstad Bootbou- en Tegnologie-inisiatief is 'n sektorliggaam wat tot stand gebring is om die ontwikkeling van die ontspanningsbootboubedryf te bevorder deur handel- en beleggingsbevordering, bemarking en fasilitering van sleutelbemiddeling wat die mededingendheid van die bedryf, soos die ontwikkeling van vaardighede en die fasilitering van bedryfskakeling, uitbou en bevorder. Besoek www.capetownboatbuilders.co.za/ www.southafricanboatbuilders.co.za of skakel (021) 421-5565 vir meer inligting.

Inbelsentrums en bedryfsproses-uitkontraktering

Calling the Cape is 'n sektorliggaam wat tot stand gebring is om investering in die inbelsentrum en bedryfsproses-uitkontrakteringsbedryf te bevorder, die bedryf internasionaal te bemark en sleutelbemiddeling te fasiliteer wat die mededingendheid van die bedryf, soos die ontwikkeling van vaardighede, KMMO-ontwikkeling en bedryfskakeling, uitbou en bevorder. Besoek www.callingthecape.org.za of skakel (021) 487-8600 / 8655 vir meer inligting.

Klerasie

Clotex is 'n klerasie-en-tekstieladviessentrum wat deur die Raad gesteun word. Hulle fasiliteer toegang tot inligting, advies, handelskontrakte en opleidingsgeleenthede in die bedryf en verwante subsektore. Skakel (021) 686-0522 vir meer inligting.

Handwerkbedryf

Die Kaapse Instituut vir Handwerk en Ontwerp is 'n bedryfsliggaam verantwoordelik vir die fasilitering van die ontwikkeling van innoverende, handgemaakte produkte van wêreldgehalte wat die kulturele diversiteit van Kaapstad en die Wes-Kaap weerspieël. Dit word gedoen deur die ontwikkeling van volhoubare handwerkondernemings, kreatiewe en ontwerpvaardighede, die ontwikkeling van vaardighede en lewenslange leer en die vestiging van 'n norm van uitnemendheid te fasiliteer. Besoek www.capecraftanddesign.org.za of skakel Majorie Naidoo (021) 460-4245 vir meer inligting.

Filmbedryf

Die Kaapse Filmkommissie is 'n bedryfsliggaam verantwoordelik vir die bemarking van Kaapstad en die Wes-Kaap aan die vermaaklikheidsbedryf as 'n internasionaal mededingende produksiebestemming van wêreldgehalte. Die Kaapse Filmkommissie is die amptelike voorstander vir die hoofprent-, televisie-, video-, advertensie- en stilfotografie-produksiebedryf in die Wes-Kaap. Besoek www.capefilmcommission.co.za of skakel (021) 483-9070 vir meer inligting.

Inligtings- en kommunikasietegnologie

KITI is 'n bedryfsliggaam wat as 'n streekshandelsvereniging, netwerkvormende liggaam en bevorderingsagentskap vir die IKT-bedryf optree. KITI se mandaat is om Kaapstad en die Wes-Kaap internasionaal te bevorder as 'n suksesvolle groepering van die IKT-bedryf. Besoek www.citi.org.za of skakel (021) 409-7000 vir meer inligting.

Vervaardiging

SEDA Wes-Kaap is die plaaslike vervaardigingsadviessentrum wat vervaardigingsadvies en steundienste verskaf. Skakel (021) 596-1300 vir meer inligting.

Olie en gas

Die Suid-Afrikaanse Olie-en-Gas-Alliansie is 'n bedryfsliggaam verantwoordelik vir die skep van 'n bewustheid van Kaapstad en Suid-Afrika se bevoegdheid om die buitelandse olie- en gasmark in Wes- en Suidelike Afrika te bedien. Dit fasiliteer ook die ontwikkeling van geakkrediteerde leweransiers en diensverskaffers gebaseer op kapasiteit, bevoegdheid en standaarde om aan die vereistes van hierdie mark te voldoen. Besoek www.offshoreafrica.co.za of skakel (021) 425-8840 vir meer inligting.

Toerisme, belangrike geleenthede en konferensies

Toerisme, belangrike geleenthede en konferensies word deur Cape Town Routes Unlimited georganiseer, wat die koördinering van toerismebemarking, -ontwikkeling en besoekersdienste in die stad en die provinsie sal verseker. Namate hierdie sektore groei, sal die geleenthede vir ontwikkeling in sektore wat hierdie areas bedien, ook groei. Besoek www.tourismcapetown.co.za, of skakel (021) 487-4800 of e-pos info@tourismcapetown.co.za vir meer inligting.

Wesgro - Agentskap vir Handelsbevordering en Beleggings
Wesgro is die amptelike agentskap vir handelsbevordering en beleggings vir Kaapstad en die Wes-Kaap. Dit is die eerste kontakpunt vir buitelandse invoerders, plaaslike uitvoerders en beleggers wat voordeel wil trek uit die onbeperkte sakepotensiaal in Kaapstad en die Wes-Kaap. Wesgro se mandaat is om regstreekse beleggings te lok en te fasiliteer, uitvoer te laat groei en die Wes-Kaap as 'n mededingende Suid-Afrikaanse sakeligging nasionaal en internasionaal te bemark. Besoek www.wesgro.org.za of skakel (021) 487-8600 vir meer inligting.

ANDER DIENSTE/INISIATIEWE VAN DIE STAD
Elektrisiteit
Vir algemene navrae oor die verkryging van elektrisiteit en die koste en beskikbaarheid daarvan, skakel elektrisiteitsnavrae by 086 012 5014. Skakel (021) 400-2892 om navraag te doen oor hoe om 'n elektrisiteitsverkoper te word.

Informele handelsbestuur
Informele handel word deur die Stad gesteun, maar daar is bepaalde beleid wat nagekom moet word. Enige navrae oor informele-handelsbeleid, -praktyke en –bystand kan aan die sakegebied-bestuurstak gerig word op die 16e vloer van die Burgersentrum, Hertogboulevard 12, Voorstrand, Kaapstad of by telefoonnommer (021) 400 5502

Smart Cape Access-projek
Deur die Stad se Smart Cape Access-projek is rekenaars met internettoegang aan alle openbare biblioteke in en rondom Kaapstad verskaf. Die fasiliteit is gratis, sodat net biblioteeklidmaatskap nodig is om na een van die biblioteke te gaan om al die leersame webwerwe, te besoek. Die Stad het ook digitale sakesentrums in sekere gebiede van Kaapstad gevestig.

Stedelike landbou
Die Stad steun stedelike landbou deur geskikte grond beskikbaar te stel, en deur basiese infrastruktuur, gereedskap en opleiding te verskaf. Skakel die Departement Ekonomiese en Menslike Ontwikkeling by (021) 483-9030 vir meer inligting.

Water- en afvalbestuur
Om uit te vind hoe om 'n waterverskaffingspunt in 'n sekere gebied te verkry, of hoe om vloeibare afval te suiwer of te verwyder, skakel 086 010 3054. Die 24/7-oproepsentrum vir alle gebarste pype en ander waterprobleme. Om uit te vind hoe om 'n vullishouer vir vasteafvalverwydering te verkry, 'n gebied skoongemaak te kry, of waar die plaaslike stortingsterrein is, skakel die vasteAfval-inbelsentrum by 086 010 2640. Vir gevaarlike- of giftigeafvalverwyderingspermitte, skakel (021) 487-2479. Om uit te vind oor die geï ntegreerde handel in afval, wat spesifiek gefokus is op sakeafvalbestuur, besoek Integrated Waste Exchange by www.capetown.gov.za/iwe.

Jeugontwikkeling
Die Umsobomvu Jeugfonds is verbind tot die skep van geleenthede en die ontwikkeling van vaardighede vir die jeug van Suid-Afrika. Besoek www.uyf.org.za of skakel (086) 009-6884 / (021) 422-2794 om uit te vind watter geleenthede beskikbaar is.

Sonering
Indien jy beplan om 'n sakeonderneming van die huis af te begin, soos 'n bed-en-ontbyt, kleutersentrum of meganiese herstelsentrum, moet jy uitvind of dit toegelaat word ingevolge die sonering van jou eiendom. Skakel beplanningsnavrae by (021) 400-3918 vir meer inligting.

HOE OM JOU SAKEONDERNEMING TE REGISTREER EN TE BEGIN
Om jou sakeonderneming of patente en handelsmerke formeel te registreer, gaan na CIPRO, die kantoor vir die registrasie van maatskappye en intellektuele eiendomsreg, 1ste vloer, Waldorfgebou, St.George's-wandellaan 80, Kaapstad. Besoek www.cipro.co.za of skakel (021) 480 8050 vir meer inligting.
Die Departement van Handel en Nywerheid (die dti) streef daarna om toegang tot volhoubare ekonomiese aktiwiteit en werksgeleenthede vir alle Suid-Afrikaners te lei en te fasiliteer. Besoek www.thedti.gov.za of skakel (021) 480 8050 vir meer inligting.

HOE OM TOEGANG TOT GELEENTHEDE IN DIE RAAD TE VERKRY: VERSKAFFING (Verskaffingskettingbestuur)
Die Raad verskaf dienste deur tenders te plaas om dienste en projekte te adverteer wat ons moet uitkontrakteer. Alle Raadstenders met 'n waarde groter as R200,00 word in die Cape Times en Die Burger in die Snuffeladvertensies geadverteer.

- **Tenders is ook beskikbaar op die Raad se webwerf en kan afgelaai word by www.capetown.gov.za onder Tenders.**
- **Tenders kan ook afgehaal word by die Tenderkantoor, 5de Verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Strandgebied, Kaapstad of skakel (021) 400-2405 vir meer inligting.**

Kontrakte onder die bedrag van R200, 000 word nie geadverteer nie; die Raad versoek kwotasies van relevante verskaffers wat geregistreer is op die Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis. Om vir 'n tender te kwalifiseer, of om versoek te word om 'n kwotasie in te dien, moet jou maatskappy geregistreer wees op die Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis. Inligting en registrasievorms kan gevind word by:

- **www.tradeworld.co.za / (021) 680-4600**
- **www.capetown.gov.za onder Online Services / Supplier Registration**
- **www.capegateway.gov.za onder The RED Door - Real Enterprise Development Initiative of skakel die inbelsentrum by 086 014 2142.**

Die Departement Aanvoerkettingbestuur hanteer ook die gemeenskapverskaffersdatabasis vir plaaslike geleenthede ter waarde van tot R30 000. Skakel (021) 400 3613 vir meer inligting.

Departement Ekonomiese en Menslike Ontwikkeling

Direktoraat Ekonomiese en Maatskaplike Ontwikkeling

Stad Kaapstad
FISIESE ADRES: 8ste Verdieping, Waldorf-gebou, St George's Wandelhal 8001
POSADRES: 16548, Vlaeberg 8018, Kaapstad
TEL: (021) 483 9030
FAKS: (021) 483 9083
E-POS: edt.mail@capetown.gov.za
WEBWERF: www.capetown.gov.za/econdev

Hoewel sorg geneem is met die korrektheid van die inligting wat verskaf is, kan die Raad van die Stad Kaapstad nie die algehele korrektheid van die inligting waarborg nie.